basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## VISUELE KUNSTE V1

## NOVEMBER 2024

**PUNTE: 100**

**TYD: 3 uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 19 bladsye.**
**Hierdie vraestel moet in volkleur gedruk word.**

Kopiereg voorbehou

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

In hierdie eksamen sal jy die volgende vaardighede toon:

- Die gebruik van die korrekte kunsterminologie
- Die gebruik en toepassing van visuele analise/ontleding en kritiese denke
- Skryf- en navorsingsvaardighede binne 'n historiese en kulturele konteks
- Die plaas van spesifieke voorbeelde in 'n kulturele, sosiale, politieke en historiese konteks
- 'n Begrip van eiesoortige kreatiewe style

Lees die volgende instruksies voordat jy besluit watter vrae om te beantwoord:

1. Hierdie vraestel bestaan uit AGT vrae.

2. Beantwoord enige VYF vrae vir 'n totaal van 100 punte.

3. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

4. Vrae verskyn op die linkerkantste bladsye, met visuele bronne op die regterkantste bladsye.

5. Maak seker dat jy na die kleurafdrukke van die visuele bronne verwys waar dit vereis word.

6. Jy MOET kunswerke wat jy self bestudeer het in die tweede deel van elke vraag gebruik.

    - Jy mag NIE kunswerke wat in hierdie vraestel voorkom, as jou voorbeelde van bestudeerde kunswerke gebruik NIE.
    - Jy mag NIE dieselfde kunswerke wat jy bestudeer het, in verskillende vrae herhaal NIE.

7. Noem die kunstenaar en titel van ELKE kunswerk wat jy in jou antwoorde bespreek vir die kunswerk wat jy bestudeer het. Onderstreep die titel van 'n kunswerk of die naam van 'n gebou/struktuur.

8. Gebruik volsinne en paragrawe. 'n Lys met feite/tabelle is NIE aanvaarbaar NIE.

9. Beantwoord die vrae op 'n holistiese manier. Die kolpunte stem nie ooreen met 'n spesifieke punt nie, maar jy moet dit as riglyne in jou antwoorde op die vrae gebruik.

10. Wanneer jy 'n analise moet doen, moet jy 'n gedetailleerde bespreking verskaf wat 'n keuse van die volgende kriteria gebruik:

    - Formele kunselemente, soos lyn, kleur, tekstuur, fatsoen/vorm en toonwaarde
    - Komposisie, fokuspunt en balans, ens.
    - Styl en media
    - Tegniek
    - Invloede
    - Betekenis en interpretasie

11. Indien 'n vergelyking gevra word en daar is GEEN vergelyking in die antwoord NIE, sal jy gepenaliseer word.

12. Tydbestuur en lengte van antwoorde:

- Jy moet ongeveer 36 minute per vraag aan jou gekose VYF vrae bestee.
- Gebruik die volgende riglyne vir die lengte van jou antwoorde. Let op die puntetoekenning.

    - 6–8 punte: 'n minimum van ½–¾ bladsy
    - 10–14 punte: 'n minimum van 1–1½ bladsy(e)
    - 20 punte: 'n minimum van 2 bladsye

13. Skryf netjies en leesbaar.

## VRAAG 1: DIE STEM VAN OPKOMENDE KUNSTENAARS

**KUNSWERKE BEELD DIKWELS BELANGRIKE GEBEURE IN KUNSTENAARS SE LEWENS UIT**

Gustave Courbet (FIGUUR 1a), 'n Franse skilder wat die Realisme-beweging gelei het, het gebeure uit die werklike lewe en eerlike uitbeeldings van die alledaagse lewe in die 19$^{de}$ eeu geskilder.

George Pemba (FIGUUR 1b) het die alledaagse lewe van sy gemeenskap in Suid-Afrika vasgevang en verdien met reg om die 'skilder van die mense' genoem te word.

1.1 Courbet en Pemba het die realiteit van begrafnistonele in hulle skilderye getoon. Bespreek hoe die kunstenaars die emosie van die geleentheid oorgedra het.

Gebruik die volgende riglyne:

- Uitbeelding van die mense en hulle omgewings
- Gebruik van kleur
- Wat is die fokuspunt? Gee redes vir jou antwoord. (8)

1.2 Analiseer TWEE Suid-Afrikaanse kunswerke (EEN kunswerk per kunstenaar) wat gebeure uit die kunstenaars se daaglikse lewens uitbeeld.


Gebruik die volgende as riglyne vir jou antwoord:

- Beskrywing van die kunswerke en die gebeurtenisse wat uitgebeeld word
- Kleur
- Fatsoen/Vorm
- Ruimte en perspektief (oogpunt)
- Betekenis/Boodskap (12)

**[20]**



FIGUUR 1a: Gustave Courbet, ***A Burial at Ornans ('n Begrafnis by Ornans)***, olieverf op doek, 1849–1850.



FIGUUR 1b: George Pemba, ***The Funeral (Die Begrafnis)***, olie op bord, 1980.

**VRAAG 2: SUID-AFRIKAANSE KUNSTENAARS BEÏNVLOED DEUR AFRIKA- EN/OF INHEEMSE KUNSVORME**

Die ***Sapo Mask (Sapo-masker)*** (FIGUUR 2a) is gebruik om die identiteite van die dansers te vermom sodat hulle tydens seremoniële rituele met die geestelike/spirituele wêreld kon verbind.

Cyrus Kabiru (FIGUUR 2b) en Romuald Hazoumè (FIGUUR 2c) het kunswerke geskep wat soos maskers lyk.

2.1 Tradisionele maskers, soos FIGUUR 2a, het inspirasie vir kontemporêre kunswerke verskaf, soos wat in FIGUUR 2b en 2c uitgebeeld word.

Bespreek deur die riglyne hieronder te gebruik.

- Hoe het FIGUUR 2a die vereenvoudiging en verwringing in FIGUUR 2b en 2c beïnvloed?
- Tekstuur en herhaling in FIGUUR 2b en 2c
- Balans in FIGUUR 2b en 2c
- Hoe verskil die materiale en die funksie van FIGUUR 2b en FIGUUR 2c van dié wat in FIGUUR 2a gebruik is? (10)

2.2 Suid-Afrikaanse kunstenaars is op verskillende maniere deur inheemse kunsvorme beïnvloed. Analiseer TWEE Suid-Afrikaanse kunswerke wat jy bestudeer het (EEN kunswerk per kunstenaar) wat die invloed van inheemse kunsvorme/Afrika-kuns toon.

Gebruik die volgende as riglyne vir jou antwoord:

- Onderwerp
- Invloede van Afrika-/inheemse kunsvorme
- Styl en tegniek
- Komposisie (10)

**[20]**



FIGUUR 2a: Sapo-kunstenaar, ***Sapo Mask (Sapo-masker)***, hout, metaal, kauriskulp, kaolien, dieretande, bok- en duikerhoring, wildevarkslagtande, plantvesels, tekstiel, modder, keramiek, c. 20ste eeu.



FIGUUR 2b: Cyrus Kabiru, ***Macho Nne 09 (Caribbean Peacock) (Karibiese Pou)***, pigmentink op HP-premium-satynfotopapier, 2014.



FIGUUR 2c: Romuald Hazoumè, ***Algoma***, plastiek en raffia, petrolkan, 2018.

## VRAAG 3: SOSIOPOLITIEKE KUNS, WEERSTANDSKUNS VAN DIE 1970's EN 1980's INGESLUIT

'My tekeninge en skilderye is as 'n daad van protes gedoen; ek het probeer om die wêreld te oortuig dat dit lelik en siek is.'

– George Grosz

George Grosz was 'n belangrike kunstenaar in Duitsland nadat hulle die Eerste Wêreldoorlog verloor het. Daar was baie korrupsie in die regering van daardie tyd.

3.1 Hoe besin Grosz oor die korrupsie van sy tyd in FIGUUR 3a?

Verwys na die volgende:

- Jou interpretasie van die liggaamshoudings, plasing en kleredrag van die figure rondom die tafel
- Die simboliek van die wapens, die donkie, die koplose figure en die geraamte
- Hoekom het Grosz 'n diagonale komposisie gebruik?
- Styl (8)

3.2 Skryf 'n opstel waarin jy die kunswerke van TWEE Suid-Afrikaanse kunstenaars analiseer wat hulle kuns gebruik om hulle teen ongeregtighede in die samelewing te verset (te protesteer) (EEN kunswerk per kunstenaar).

Gebruik die volgende as riglyne vir jou antwoord:

- Die sosiopolitieke kwessies wat aangepak is en hoe die kunstenaars hulle bekommernisse deur visuele beeldgebruik oorgedra het
- Materiale en tegnieke
- Formele kunselemente
- Skaal (12)

**[20]**



FIGUUR 3a: George Grosz, ***Eclipse of the Sun (Sonsverduistering)***, olieverf op doek, 1926.

| | |
|---|---|
| **Sonsverduistering ('Eclipse'):** | Sonsverduistering vind plaas wanneer 'n hemelliggaam, soos die maan of 'n ander planeet, in die skaduwee van 'n ander hemelliggaam inbeweeg. |

## VRAAG 4: KUNS, KUNSVLYT EN GEESTELIKE WERKE HOOFSAAKLIK UIT LANDELIKE SUID-AFRIKA

Baie jong seuns is veewagters in die landelike areas in Suid-Afrika.

John Muafangejo (FIGUUR 4b) dokumenteer 'n veewagter wat beeste oppas wat hy in die landelike omgewing gesien het waar hy vir die meeste van sy lewe gewoon het. Andile Dyalvane (FIGUUR 4c en FIGUUR 4d) het gesê dat hierdie ervaring as 'n jong veewagter sy diepe verbintenis met die land en sy kultuur ontwikkel het.

4.1 Bespreek hoe die visuele beelde van beeste in die kunswerke in FIGUUR 4b en FIGUUR 4c verander is.

Gebruik die volgende as riglyne vir jou antwoord:

- Vorm/Fatsoen
- Skaal
- Kleur en kontras
- Die gebruik van verskillende linosnee- en kleimediums
- Wat die kunswerke in FIGUUR 4b en FIGUUR 4c ons oor die kunstenaars se interpretasie van beeste vertel (10)

4.2 Bespreek die werk van enige TWEE Suid-Afrikaanse kunstenaars of vlytkunstenaars wat besin/nadink oor hulle landelike grootwordjare en/of geestelike geloofstelsel (EEN kunswerk per kunstenaar wat jy bestudeer het).


Gebruik die volgende as riglyne vir jou antwoord:

- Gebruik van medium
- Fatsoen/Vorm
- Die storie wat die kunswerk oor die kunstenaars of vlytkunstenaars se landelike en/of geestelike ervaring vertel

(10)
**[20]**



FIGUUR 4a: ***Jong Kind wat Beeste Oppas***, foto, datum onbekend.




FIGUUR 4b: John Muafangejo, ***Shepherd is Moving the Cattle to a Good Place for Grassing (Veewagter Verskuif Beeste na 'n Goeie Plek om te Wei)***, linosnee-afdruk, 1980.



FIGUUR 4c: Andile Dyalvane, ***iThongo-reeks*** (voorouerdroomlandskap), gevuurde klei, 2021.



FIGUUR 4d: Andile Dyalvane wat op 'n kleistoel uit die ***iThongo-reeks*** sit, foto, 2021.

**VRAAG 5: MULTIMEDIA EN NUWE MEDIA – ALTERNATIEWE KONTEMPORÊRE EN POPULÊRE KUNSVORME IN SUID-AFRIKA**

Rembrandt het gedurende sy leeftyd 'n reeks selfportrette geskep wat die tekens van veroudering in sy gesig uitgebeeld het. Hy was sestig toe hy FIGUUR 5a geskilder het.

Marc Quinn (FIGUUR 5b) het ***Self*** geskep deur sy eie bloed te gebruik. Sy bloed is in fases ingesamel soortgelyk aan die proses van bloed skenk. Hy het toe 'n afgietsel van sy kop gemaak wat met sy bloed gevul is. Die beeldhouwerk is solied gevries en word verkoel gehou.

5.1 Bespreek jou begrip van multimedia/nuwe media in teenstelling met sogenaamde tradisionele kunsmedia in hierdie TWEE kunswerke (FIGUUR 5a en FIGUUR 5b).

Verwys na die volgende riglyne:


- Keuse en gebruik van media en tekstuur
- Kleur
- Tekens van veroudering
- Die impak van ELKE kunswerk op die kyker (10)

5.2 Analiseer TWEE kunswerke wat jy bestudeer het (EEN kunswerk per kunstenaar) om te wys hoe kunstenaars tradisionele media uitgedaag het of daarvan wegbeweeg het.


Gebruik die volgende as riglyne vir jou antwoord:

- Beskrywing
- Gebruik van materiale en tegnieke
- Hoe die materiaal tot die betekenis of boodskap van die kunswerk bydra
- Hoe die kunswerk van 'n tradisionele kunswerk verskil (10)


**[20]**




FIGUUR 5a: Rembrandt van Rijn, ***Self-portrait with Beret and Turned-up Collar (Selfportret met Mus en Omslaankraag)***, olieverf op doek, 1659.



**Nabyskoot van FIGUUR 5a**



FIGUUR 5b: Marc Quinn, ***Self,*** die kunstenaar se bloed, vlekvrye staal, Perspex en verkoelingstoerusting, 1991.



**Nabyskoot van FIGUUR 5b**

## VRAAG 6: DEMOKRATIESE IDENTITEIT IN SUID-AFRIKA NÁ 1994

In 'n uitstalling genoem ***uBuhle boKhokho (Skoonheid van ons Voorouers)***, het Zizipho Poswa Afrika-haarstyle met tradisionele houers gemeng om brons- en keramiekbeeldhouwerke te skep.

FIGUUR 6a en FIGUUR 6b gee 'n uitsig oor die uitstalling. Poswa het grootskaalse beeldhouwerke saam met twaalf foto's van haarstyle uitgestal. Elke beeldhouwerk het 'n ander mens voorgestel.

6.1 Bespreek hoe Poswa haar Afrika-identiteit deur hare in FIGUUR 6a, FIGUUR 6b en FIGUUR 6c vier.

Gebruik die volgende as riglyne:

- Beskryf sommige van die haarstyle wat jy in die uitstalling sien.
- Hoe beïnvloed die haarstyle in die foto's die beeldhouwerke?
- Beskryf die vereenvoudiging van die vroulike liggaam in die beeldhouwerk van FIGUUR 6c.
- Beskryf die tekstuur van en die glasuur op die beeldhouwerke.
- Hoe vier Poswa kontemporêre swart vroue se identiteit? (7)

6.2 Hoe versterk die uitstalling die kyker se ervaring?

Gebruik die volgende as riglyne:

- Hoe die ruimte gebruik is
- Plasing van kunswerke en die verhoudings tussen die kunswerke (3)

6.3 Skryf 'n opstel oor TWEE Suid-Afrikaanse kunstenaars wat hulle identiteit in die nuwe Suid-Afrika uitbeeld (EEN kunswerk per kunstenaar). (10)

**[20]**

**Glasuur:** 'n Keramiekglasuur is 'n laag wat op die kleioppervlak geverf word.



FIGUUR 6a: Zizipho Poswa, ***uBuhle boKhokho (Skoonheid van ons Voorouers)***, uitsig oor uitstalling met die kunstenaar wat voor haar beeldhouwerke poseer, 2022/2023.



FIGUUR 6b: Zizipho Poswa, ***uBuhle boKhokho (Skoonheid van ons Voorouers)***, uitsig oor uitstalling, 2022/2023.



FIGUUR 6c: Zizipho Poswa, ***Natalie Leumaleu***, geglasuurde erdewerk, brons, 2022.

## VRAAG 7: GESLAGSKWESSIES: MANLIKHEID EN VROULIKHEID

Die Amerikaanse akteur en sanger, **Billy Porter** (FIGUUR 7b), het koppe laat draai toe hy met 'n rok by die 2021-Oscar-toekenningseremonie aangekom het.

***King Henry VIII (Koning Henrik VIII)*** (FIGUUR 7a), koning van Engeland, is tydens die Renaissance deur Hans Holbein geskilder. Hy was 'n magtige, opgevoede leier wat spandabelrig was en daarvoor bekend was dat hy ses vroue gehad het.

Luke Rudman (FIGUUR 7c) is 'n Suid-Afrikaanse kunstenaar en 'n omgewingsaktivis wat met verskillende media werk wat optrede en skilder insluit.

7.1 Hoe het verhoudings tussen kleredrag en geslag met tyd verander, soos in FIGUUR 7a, FIGUUR 7b en FIGUUR 7c uitgebeeld word?

Gebruik die volgende riglyne:

- Die stelling wat die rok, liggaamshouding en die omgewing maak
- Kleur van die rok
- Die funksie van die kunswerk en foto's
- Hoe laat die kunswerke/visuele beelde in FIGUUR 7a, FIGUUR 7b en FIGUUR 7c jou dink oor mans in rokke in verskillende tydperke? (10)

7.2 Bespreek hoe kunstenaars aandag gegee het aan idees oor geslag deur TWEE spesifieke kunswerke (EEN kunswerk per kunstenaar) te analiseer.

Gebruik die volgende as riglyne vir jou antwoord:

- Geslagskwessies waaraan aandag gegee word
- Formele kunselemente
- Materiale en tegnieke
- Hoe die kunstenaars probeer om die kyker te laat nadink oor die kwessies deur hulle keuse van visuele beelde (10)

**[20]**



FIGUUR 7a: Hans Holbein die Jonge, ***King Henry VIII (Koning Hendrik VIII)***, olieverf op doek, c. 1530.



FIGUUR 7b: ***Foto van Billy Porter*** by die Oscar-toekenningseremonie, 2021.



FIGUUR 7c: Luke Rudman, ***Eden and Luke (Eden en Luke)***, kombinasie van skilder en optrede, foto, 2022.

## VRAAG 8: ARGITEKTUUR IN SUID-AFRIKA

'Die huis moet 'n masjien wees om in te leef.'

– Le Corbusier

Die modernistiese gebou, ***Villa Savoye*** (FIGUUR 8a), is as 'n delikate drywende boks beskryf. Dit is funksioneel as 'n huis, maar dit kan ook as 'n beeldhouwerk waardeer word.

'n Argitektuursfirma (FIGUUR 8b) in Kaapstad het 'n kontemporêre boomhuis geskep vir 'n kliënt wat 'n wegkruipplek as 'n huis wou hê.

Beide huise bied ontsnapping uit die stampvol stad.

8.1 Vergelyk FIGUUR 8a en FIGUUR 8b deur die volgende riglyne te gebruik:

- Fatsoen/Vorm en patroon
- Ligbron(ne)
- Boumateriale
- Terrein en omgewing (10)

8.2 Analiseer TWEE Suid-Afrikaanse geboue wat innoverende materiale gebruik het.

Gebruik die volgende as riglyne vir jou antwoord:

- Gebruik van materiale/tegnieke
- Die ontwerp van die struktuur
- Omgewingsinvloede
- Die verhouding tussen die gebou en die omgewing (10)

**[20]**



FIGUUR 8a: Le Corbusier, ***Villa Savoye***, Frankryk, gewapende beton en glas, 1929.



FIGURE 8b: Malan Vorster Architecture Interior Design, ***Tree House (Boomhuis)***, Kaapstad, staal, hout en glas, 2016.

**TOTAAL: 100**

basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

**NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT**

**GRAAD 12**

**VISUELE KUNSTE V1**

**NOVEMBER 2024**

**NASIENRIGLYNE**

**PUNTE: 100**

**Hierdie nasienriglyne bestaan uit 22 bladsye.**

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

Lees die volgende instruksies aandagtig deur voordat met die nasien begin word:

1. Hierdie nasienriglyne bestaan uit AGT antwoorde. Kandidate moes enige **VYF** vrae vir 'n totaal van 100 punte beantwoord.

2. Dit is BAIE BELANGRIK dat toegewings gemaak word aan kandidate in baie gevalle:
   - Kandidate moet krediet ontvang vir hul eie menings en idees in hul antwoorde waar van toepassing. Geen negatiewe nasien nie.
   - Die is belangrik dat argumente en stellings beredeneer/gemotiveer/ gestaaf en gekwalifiseer is deur verysing na bronne/kunswerke.
   - Krediet moet aan laterale denke gegee word.

3. Vrae en onderafdelings van vrae moet duidelik en korrek genommer wees. Kolpunte ('Bullets') dien as riglyne om kandidate te help om hul antwoorde te struktureer.

4. Inligting en kunswerke wat in een antwoord bespreek is, mag nie krediet kry as dit in ander antwoorde herhaal word nie, maar kruisverwysings tussen kunswerke is toelaatbaar.

5. Waar van toepassing, moet kandidate die naam van die kunstenaar en titel van elke kunswerk voorsien vir elke kunswerk genoem. Slegs EEN punt word vir die korrekte kunstenaar en titel van die werk toegeken. **EEN punt moet afgetrek word as daar geen vergelyking gemaak is nie in 'n vraag wat kandidate versoek om te vergelyk.**

6. Kandidate kan beide twee- en driedimensionele kunswerke in enige antwoord bespreek, waar van toepassing.

7. ***Onthou dat baie kandidate sal hierdie voorbeelde bespreek alhoewel hulle dit nog nooit gesien het nie. Nasieners kan daarom nie feitelike, akademiese inligting verwag nie. Kandidate kan uit hul eie ervarings, kulture en interpretasies van die kunswerke put, binne die konteks van die vraag. Daarom moet kandidate krediet kry vir hulle eie menings en idees waar van toepassing. Nasieners moet onbevooroordeeld en buigsaam in die nasienproses wees.***

**ALGEMENE INLIGTING VIR NASIENERS**

Hierdie nasienriglyne dien as ʼn riglyn vir nasieners asook ʼn onderrigmiddel. Daarom is die nasienriglyne vir sekere vrae in groter diepte behandel sodat die materiaal as onderrigmiddel gebruik kan word.

**LET WEL:** Nasieners word aangemoedig om kandidate te beloon vir wat hulle weet, eerder as om hulle te straf vir wat hulle nie weet nie.

- Alhoewel die inligting vir die vrae in puntvorm gegee word, moet kandidate opstel/paragraaf formaat gebruik om hulle inligting in ʼn holistiese wyse te bespreek.
- Kandidate moet VOLSINNE gebruik om paragrawe te konstrueer. Antwoorde wat puntsgewys geskryf is, kan nie volpunte kry nie. Volpunte kan nie toegeken word as die titel of kunstenaar inkorrek is nie
- Nasieners moet na die KABV-dokument vir Visuele Kunste, bladsy 45, verwys vir 'n riglyn om die prestasievlakke te assesseer.

**Assessering van kandidate se vermoë om voorbeelde van visuele kultuur te ontleed en daarop te reageer**

| PRESTASIE-KODE | ONDERWERP 3: VISUELE KULTUUR-STUDIES |
|---|---|
| **7**<br>**Uitstekend**<br>**80–100%** | • Toon uitstekende vermoë om kunswerke in verhouding tot hul kulturele, sosiale, politiese en historiese kontekste te analiseer en daarop kommentaar te lewer.<br>• Toon uitstekende vermoë in die gebruik van gepaste Visuele Kunste-terminologie.<br>• Toon uitstekend ontwikkelde skryf- en navorsingsvaardighede in die studie van kuns.<br>• Toon buitengewone insig en begrip en gebruik uiteenlopende benaderings. |
| **6**<br>**Verdienstelik**<br>**70–79%** | • Toon 'n goed ontwikkelde vermoë om kunswerke in verhouding tot hul kulturele, sosiale, politiese en historiese kontekste te analiseer en daarop kommentaar te lewer.<br>• Toon uitstekende vermoë in die gebruik van gepaste Visuele Kunste-terminologie.<br>• Toon hoogs ontwikkelde skryf- en navorsingsvaardighede in die studie van kuns.<br>• Toon uitstekende insig en begrip. |
| **5**<br>**Aansienlik**<br>**60–69%** | • Toon aansienlike vermoë om kunswerke in verhouding tot hul kulturele, sosiale, politiese en historiese kontekste te analiseer en daarop kommentaar te lewer.<br>• Toon aansienlike vermoë in die gebruik van gepaste Visuele Kunste-terminologie.<br>• Toon goed ontwikkelde skryf- en navorsingsvaardighede in die studie van kuns.<br>• Toon 'n goeie vlak van insig en begrip. |
| **4**<br>**Gemiddeld**<br>**50–59%** | • Toon gemiddelde vermoë om kunswerke in verhouding tot hul kulturele, sosiale, politiese en historiese kontekste te analiseer en daarop kommentaar te lewer.<br>• Toon gemiddelde vermoë in die gebruik van gepaste Visuele Kunste-terminologie.<br>• Toon bedrewe skryf- en navorsingsvaardighede in die studie van kuns.<br>• Toon 'n redelik goeie vlak van insig en begrip. |
| **3**<br>**Bevredigend**<br>**40–49%** | • Toon bevredigende vermoë om kunswerke in verhouding tot hul kulturele, sosiale, politiese en historiese kontekste te analiseer en daarop kommentaar te lewer.<br>• Toon bevredigende vermoë in die gebruik van gepaste Visuele Kunste-terminologie.<br>• Toon bevredigende skryf- en navorsingsvaardighede in die studie van kuns.<br>• Toon 'n bevredigende vlak van insig en begrip. |
| **2**<br>**Elementêr**<br>**30–39%** | • Toon slegs 'n basiese vermoë om kunswerke in verhouding tot hul kulturele, sosiale, politiese en historiese kontekste te analiseer en daarop kommentaar te lewer.<br>• Toon beperkte vermoë in die gebruik van gepaste Visuele Kunste-terminologie.<br>• Toon basiese skryf- en navorsingsvaardighede in die studie van kuns.<br>• Toon 'n elementêre vlak van insig en begrip. |
| **1**<br>**Nie behaal nie**<br>**0–29%** | • Toon 'n geringe of geen vermoë nie om kunswerke in verhouding tot hul kulturele, sosiale, politiese en historiese kontekste te analiseer en daarop kommentaar te lewer.<br>• Toon uiters beperkte vermoë in die gebruik van gepaste Visuele Kunste-terminologie.<br>• Toon beperkte skryf- en navorsingsvaardighede in die studie van kuns.<br>• Toon min of geen begrip of insig nie. |

**NASIENERS MAG SLEGS DIE EERSTE VYF VRAE NASIEN EN AS 'N KANDIDAAT MEER AS DIE VEREISTE AANTAL VRAE GEDOEN HET SAL SLEGS DIE EERSTE VYF GEKREDITEER WORD. KANDIDATE MOET ENIGE VYF VRAE BEANTWOORD IN ENIGE VOLGORDE.**

**KANDIDATE MOET ENIGE VYF VRAE BEANTWOORD.**

**Die volgende puntetoekenning moet nagekom word wanneer slegs EEN kunswerk/kunstenaar bespreek is in plaas van twee.**

**6 punte (maks 3)**
**8 punte (maks 5)**
**10 punte (maks 6)**
**12 punte (maks 7)**
**14 punte (maks 8)**
**20 punte (maks 12)**

| |
|---|
| **As gevolg van die <u>kleurverskille</u> van die vraestelle van verskillende provinsies, moet die provinsies die nasienersriglyne vir interpretasie aanpas.** |

## VRAAG 1: DIE STEM VAN OPKOMENDE KUNSTENAARS

**KUNSWERKE BEELD DIKWELS BELANGRIKE GEBEURE IN KUNSTENAARS SE LEWENS UIT**

Gustave Courbet (FIGUUR 1a), 'n Franse skilder wat die Realisme-beweging gelei het, het gebeure uit die werklike lewe en eerlike uitbeeldings van die alledaagse lewe in die 19 de eeu geskilder.

George Pemba (FIGUUR 1b) het die alledaagse lewe van sy gemeenskap in Suid-Afrika vasgevang en verdien met reg om die 'skilder van die mense' genoem te word.

**FIGUUR 1a:** Gustave Courbet, ***A Burial at Ornans ('n Begrafnis by Ornans),*** olieverf op doek, 1849–1850.
**FIGUUR 1b:** George Pemba, ***The Funeral (Die Begrafnis),*** olie op bord, 1980.

1.1 Courbet en Pemba wys die realiteit van begrafnistonele in hul skilderye. Kandidate moet bespreek hoe die kunstenaars die emosie van die geleentheid oorgedra het deur die volgende riglyne te gebruik:

- **Uitbeelding van die mense en hulle omgewings**

**FIGUUR 1a:** Die kunstenaar beeld 'n groot groep mense uit wat rondom 'n graf saamdrom en wat plaasvind in 'n verlate landskap. Die priester is besig om te preek en hy is omring met altaarseuns en kerk hooggeplaastes. Mans en vroue wat die begrafnis bywoon is geklee in formele kleredrag om hul respek te betoon aan die oorledene. Die mense lyk emosieloos en onbetrokke asof hulle min aandag skenk aan die preek. Ons sien nie enige ooglopende tekens van emosie in die mense nie. In die voorgrond is daar 'n wit hond en twee mans, wat minder formeel aangetrek is. 'n Begrafnis vind plaas in 'n veld/landskap. Daar is gebare wat emosie aandui by die dames wat hul trane afvee. Meer mense woon die begrafnis van **FIGUUR 1a** by, wat moontlik dui op die begrafnis van 'n ryk of gewilde persoon.

**FIGUUR 1b:** Die kunstenaar beeld 'n klein groep van ses mense uit wat rondom 'n kis byeenkom. Die priester aan die regterkant is besig om 'n preek te lewer aan die mense wat lyk asof hulle familielede of nabye gemeenskapslede is. Pemba vang die emosie van die toneel vas deur die vroue wat lyk asof hulle mekaar ondersteun in hulle verdriet. Die ouer man staan met sy hande gevou en vertoon sy emosie in 'n teruggetrokke en gelate manier. Sy skilderye bewys sy empatie met die lyding van sy onderwerpe terwyl hy ook hulle stille krag en deursettingsvermoë vertoon. Huise is duidelik sigbaar naby aan die figuur, wat aandui dat die seremonie binne 'n gemeenskap plaasvind.

- **Gebruik van kleur**

**FIGUUR 1a:** Die groot groep mense wat in swart geklee is oorheers die komposisie, wat klem lê op die getal mense wat hulle rou betoon. Die omringende landskap en lug is uitgebeeld in 'n dowwe grys, wat tesame met die versadigde kleur van die figuur bydra tot die somber en depressiewe gevoel van die geleentheid. Die wit en rooi kleredrag van die figuur aan die linkerkant en die wit hond aan die regterkant skep kontras met die donkerte.

**FIGUUR 1b:** Die mense wat die begrafnis bywoon is geklee in tradisionele swart en wit klere en die priester dra sy tradisionele wit mantel. Die somber kleure van hulle kleredrag kontrasteer met die warm okergeel van die kis, die helder groen gras en die blou lug. Daar is gedeeltes met rooipers in die een vrou se rok asook in die dakke van die veraf huise, wat komplementêr is tot die okergeel kleure. Die algehele kleurgebruik is skerp en versadig ten spyte van die gedempte atmosfeer wat uitgebeeld word deur die figuur.

- **Wat is die fokuspunt? Gee redes vir jou antwoord.**

**FIGUUR 1a:** Die groep mense drom saam om 'n soliede band van donkerte te skep, wat verbreek word deur die wit figuur op die linkerkant. Die gat van die graf is sigbaar in die middel van die voorgrond en lyk dus soos die fokuspunt omdat die figuur in die voorgrond daarna kyk. [Die fokuspunt kan verskil volgens die kandidaat se interpretasie indien dit gestaaf word.]

**FIGUUR 1b:** Pemba wys 'n nabyaansig en intieme blik op die mense wat rondom die diagonale kis staan, en dit veroorsaak dat die kis fokuspunt van die komposisie raak. [Die fokuspunt kan verskil volgens die kandidaat se interpretasie indien dit gestaaf word.] (8)

1.2 Kandidate moet 'n analise maak van **TWEE** Suid-Afrikaanse kunswerke wat gebeure van die kunstenaar se daaglikse lewe uitbeeld (EEN kunswerk per kunstenaar).

Hulle behoort die volgende te gebruik as riglyne vir hulle antwoord.

- Beskrywing van die kunswerke en die gebeurtenisse wat uitgebeeld is
- Kleur
- Fatsoen/vorm
- Ruimte en perspektief (oogpunt)
- Betekenis/boodskap (12)

**[20]**

**VRAAG 2: SUID-AFRIKAANSE KUNSTENAARS BEÏNVLOED DEUR AFRIKA EN/OF INHEEMSE KUNSVORMS**

Die **Sapo-masker** (FIGUUR 2a) is gebruik om die identiteite van die dansers te vermom sodat hulle tydens seremoniële rituele met die geestelike/spirituele wêreld kon verbind.

Cyrus Kabiru (FIGUUR 2b) en Romuald Hazoumè (FIGUUR 2c) het kunswerke geskep wat soos maskers lyk.

**FIGUUR 2a:** Sapo-kunstenaar, ***Sapo Mask (Sapo-masker)*****,** hout, metaal, kauriskulp, kaolien, dieretande, bok- en duikerhoring, wildevarkslagtande, plantvesels, tekstiele, modder, keramiek, c. 20 ste eeu.
**FIGUUR 2b:** Cyrus Kabiru, ***Macho Nne 09 (Caribbean Peacock) (Karibiese Pou)*** **,** pigmentink op HP-premium-satynfotopapier, 2014.
**FIGUUR 2c:** Romuald Hazoumè**,** ***Algoma*****,** plastiek en raffia, petrolkan, 2018.

2.1 Kandidate moet wys hoe tradisionele maskers soos FIGUUR 2a inspirasie verskaf vir kontemporêre kunswerke soos in FIGUUR 2b en 2c.
Hulle moet die volgende riglyne bespreek:

- **Vereenvoudiging en verwringing in FIGUUR 2b en 2c**

Die oë van die masker in **FIGUUR 2b** is vergroot en amandelvormig en dit is soortgelyk is aan die vereenvoudiging en verwringing in **FIGUUR 2a** . Die geronde basis van die kalbasse vorm die masker wat die oë bedek soortgelyk aan sonbrille. Die stele van die kalbasse kan verband hou met die skerp horings wat in **FIGUUR 2a** sigbaar is.

**FIGUUR 2c** wys 'n masker wat die hele gesig van die persoon wat dit dra sal versteek soos in **FIGUUR 2a** . Die algehele vorm van die gesig is reghoekig omdat dit die vorm van 'n petrolkan is. Die kyker kan die visuele beeld van die oë en die neus in die petrolkan interpreteer alhoewel dit die oorspronklike vorm van die kan is. Die handvatsel van die petrolkan skep die vorm van 'n lang neus wat soortgelyk is aan die uitstaande neus in **FIGUUR 2a.** Die opening van die oordrewe vorm van die mond in **FIGUUR 2a** is soortgelyk aan die vereenvoudigde oop mond in **FIGUUR 2b.**

- **Tekstuur en herhaling in FIGUUR 2b en 2c**

**FIGUUR 2b** lyk asof die masker twee kalbasse is wat gekombineer is met herhalende uitsteeksels wat aan die basis van die kalbasse voorkom. Die speldvorms wat uitsteek rondom die basis van die kalbasse skep tekstuur en ritme. Daar is 'n herhalende patroon wat geskep word met die wit kolletjies wat die vorm van die oog beklemtoon. Die herhaling wat gesien word in **FIGUUR 2b** is verwant aan die herhalende patroon wat gesien word in die kauriskulpe in die hooftooisel en die vingeragtige vorms wat rondom die masker is.

In **FIGUUR 2c** is die gelaatstrekke van die masker glad as gevolg van die plastiektekstuur van die petrolkan. Die verweerde tekstuur van die petrolkan in **FIGUUR 2c** is soortgelyk aan die hout masker in **FIGUUR 2a** . Die raffia hare kontrasteer met die gladheid van die gesig. Die hare kom voor asof dit naby aan die haarlyn is en skep 'n herhalende patroon. Die stringe raffia skep 'n herhalende patroon.

- **Balans in FIGUUR 2b en 2c**

**FIGUUR 2b:** Die vorms van die kalbasse pas bymekaar soos 'n Jin Jang-simbool. Dit skep balans in die masker. Daar is simmetrie in die herhaling van die twee oë en die uitsteeksels.

**FIGUUR 2c:** Die gesig wat soos 'n masker is, is gebalanseerd as gevolg van die vorm van die petrolkan. Die massa hare aan die een kant van die masker skep 'n ongebalanseerde asimmetriese effek.

Al die maskers het gebalanseerde gelaatstrekke as gevolg van die oë aan weerskante van die sentrale neus.

- **Hoe die materiaal en die funksie van FIGUUR 2b en FIGUUR 2c verskil van FIGUUR 2a**

In **FIGUUR 2b** word die geronde vorms van die kalbasse tesame met die vorms van die oë lyk soos die patrone binne pouvere terwyl die uitsteeksels lyk soos die waaieragtige vere. Die verwysing kan verbind word met die titel van die kunswerk. Die kalbas verwys na die tradisionele Afrika musiekinstrument en Kabiru het dit getransformeer tot 'n moderne sonbril wat gedra kan word.

**FIGUUR 2c:** Hazoumè het 'n petrolkan getransformeer in 'n maskeragtige gesig in. Hy verander wat ons sien wanneer ons na 'n petrolkan kyk deur dit om te draai na die sykant en deur hare by te voeg, wat dit soos 'n masker laat lyk. Die natuurlike raffia vesels is getransformeer na hare toe.

In al drie maskers is gevonde materiaal gebruik wat getransformeer is om gelaatstrekke te skep.

In **FIGUUR 2c**: Hulle dien nie net as estetiese/dekoratiewe voorwerpe nie, maar ook as platforms vir die deel van dieper idees en sosiale kommentaar. Hare kan 'n kroon verteenwoordig wat deur mense van hoër status in hul gemeenskap gedra word. Kuns ter wille van Kuns kan ook gesien word as ‘n aspek van die interpretasie van die kunswerk. (10)

2.2 Suid-Afrikaanse kunstenaars is op verskillende maniere beïnvloed deur Inheemse Kunsvorms. Kandidate moet TWEE Suid-Afrikaanse kunswerke wat hulle bestudeer het, waarin die invloed van inheemse kunsvorms gedemonstreer word, analiseer (EEN kunswerk per kunstenaar). Hulle behoort die volgende te gebruik as riglyne vir hul antwoord:

- Onderwerp
- Invloede van Afrika/inheemse kunsvorms
- Styl en tegniek
- Komposisie

(10)
**[20]**

## VRAAG 3: SOSIO-POLITIESE KUNS, INSLUITEND WEERSTANDSKUNS VAN DIE 1970's EN 1980's

'My tekeninge en skilderye is as 'n daad van protes gedoen; ek het probeer om die wêreld te oortuig dat dit lelik en siek is.' – George Grosz

George Grosz was 'n belangrike kunstenaar in Duitsland nadat hulle die Eerste Wêreldoorlog verloor het.

Daar was baie korrupsie in die regering van daardie tyd.

**FIGUUR 3a:** George Grosz**, *Eclipse of the Sun (Sonsverduistering),*** olieverf op doek, 1926.

**Sonsverduistering/Eclipse:** 'n Eklips/Verduistering vind plaas wanneer 'n hemelliggaam, soos die maan of 'n ander planeet, in die skaduwee van 'n ander hemelliggaam inbeweeg.

3.1 Kandidate moet bespreek hoe Grosz oor die korrupsie van sy tyd nagedink het in FIGUUR 3a

Kandidate kan na die volgende verwys:

- **Hulle interpretasie van die liggaamshoudings, plasing en kleredrag van die figuur rondom die tafel**

Grosz het die vier koplose figure rondom die tafel geplaas. Hulle is geklee in formele pakke met hul arms geplaas asof hulle passief is, bv. met hande wat saamgevou is. Hulle verteenwoordig burgerlike besigheidsmanne wie oorheers word deur die groot figuur geklee in 'n blou militêre uniform wat bo hulle opdoem. Hy is versier met baie medaljes wat hom as magtig en in beheer laat voorkom. Nog 'n burgerlike figuur met 'n swart pak en kuil, leun oor die militêre figuur se skouer en fluister in sy oor. Dit skep die indruk dat hy in beheer is van dit wat rondom die tafel gebeur en dat hy 'n invloed oor die militêre figuur het.

- **Die simboliek van die wapens, die donkie, die koplose figuur en die geraamte**

Die versameling wapens onder die arm van die figuur op die regterkant stel die idee van korrupsie of mag en onwettige handel in wapens en mense wat in geheim voordeel trek uit die oorlog. Die bloederige swaard op die tafel maak 'n verwysing na geweld. Dit reflekteer die geweld wat deur die onthoofde besigheidsmans om die tafel ervaar is, alhoewel hulle nie lyk soos slagoffers van geweld nie. Die verlies van hulle koppe wys eerder dat hulle breinloos is, dat hulle nie vir hulleself kan dink nie en dat hulle ontmagtig is. Die donkie wat op die tafel staan, stel die idee van domheid voor omdat dit oogklappe dra wat dit blind maak tot wat in die wêreld rondom dit gebeur en dit eet al die gemors/informasie wat aan dit gevoer word. Die donkie het nie hoewe nie en dit lyk daarom asof dit vassit in die situasie. Die geraamte is 'n algemene verwysing na mense wat doodgemaak is of stilgemaak is en wat opofferings gemaak het as gevolg van oorlog. Dit kan ook 'n verwysing wees na die lyding wat veroorsaak is deur korrupsie. Die koplose mense stel poppe (die regering) voor wat nie vir hulself kon dink nie, net liggame wat doen wat vir hulle gesê word. Die bebloede swaard, stel voor rugsteek veroorsaak deur korrupsie. Die mense in die tronk en geraamte: Slagoffers van korrupsie. Titel: Dinge wat gebeur in die donker van die verduistering van geld (sien dollarteken in die maan wat die son verduister). Die figuur wat vir die generaal fluister: Werklike mense in beheer van die weermag en regering is die geld, in hierdie geval die ryk wapenvervaardigers - sien die wapens onder sy arm.

- **Hoekom Grosz 'n diagonale komposisie gebruik het**

Die diagonale lyne skep 'n gevoel van disoriëntasie en destabiliseer enige gevoel van stabiliteit. Dit simboliseer die onstabiliteit wat veroorsaak word deur 'n korrupte samelewing. Die diagonale lyn skep diepte omdat die tafel wyer is op die voorgrond en ook voorverkorting toon in die agtergrond. Dit dui ook daarop dat daar afwaarts gegly word in die ondergrondse tonnels van korrupsie. Dit lig letterlik die boonste twee figure hoër as die ander wat hul status en posisie afdwing. Dit trek ook die oog in die komposisie in.

- **Styl**

Terwyl daar tonale variasie op die figuur uitgebeeld is, kom dit voor as plat en nie naturalisties nie. Die torso en die elmboë van die figuur is vereenvoudig en hoekig. Die gesigte van die twee mans lyk oordrewe en soos karikature van spesifieke mense. (8)

3.2 Kandidate moet 'n opstel skryf waarin hulle die kunswerke van enige **TWEE** Suid-Afrikaanse kunstenaars analiseer wie hul kuns gebruik het om te protesteer teen die onregverdighede in die samelewing (EEN werk per kunstenaar). Hulle kan die volgende gebruik as riglyne vir hul antwoord.

- Die sosiopolitieke kwessies wat aangepak is en hoe die kunstenaars hulle bekommernisse deur visuele beeldmateriaal oorgedra het.
- Materiale en tegnieke
- Formele kunselemente
- Skaal

(12)
**[20]**

**VRAAG 4: KUNS, KUNSVLYT EN GEESTELIKE WERKE HOOFSAAKLIK VAN LANDELIKE SUID-AFRIKA**

Baie jong seuns is veewagters in die landelike areas in Suid-Afrika.

John Muafangejo (FIGUUR 4b) dokumenteer 'n veewagter wat beeste aankeer wat hy in die landelike omgewing gesien het waar hy vir die meeste van sy lewe gewoon het.

Andile Dyalvane (FIGUUR 4c en FIGUUR 4d) het gesê dat hierdie ervaring as 'n jong veewagter sy diepe verbintenis met die land en sy kultuur ontwikkel het.

**FIGUUR 4a:** ***Jong Kind wat Beeste Oppas*** **,** foto, datum onbekend.
**FIGUUR 4b:** John Muafangejo**,** ***Shepherd is Moving the Cattle to a Good Place for Grassing (Veewagter Verskuif Beeste na Goeie Plek om te Wei)*** **,** linosnee-afdruk, 1980.
**FIGUUR 4c:** Andile Dyalvane, ***iThongo-reeks*** **(voorouerdroomlandskap),** gevuurde klei, 2021.
**FIGUUR 4d:** Andile Dyalvane wat op 'n kleistoel van die ***iThongo-reeks*** **sit, foto, 2021** ***.***

4.1 Kandidate moet bespreek hoe die visuele beelde van beeste verander is in die kunswerke in FIGUUR 4b en FIGUUR 4c.

Hulle behoort die volgende te gebruik as riglyne vir hul antwoord.

- **Vorm/Fatsoen**

Die beeste in John Muafangejo se ***Shepherd is Moving the Cattle to a Good Place for Grassing*** is vereenvoudig na basiese vorms. Die boggel skouers van die beeste is oordrewe en word herhaal in 'n konvensie: al drie beeste op die voorgrond aan die linkerkant lyk soortgelyk in terme van hulle vorms. Muafangejo het die gesigte van die beeste na voor gedraai sodat hulle in die kyker se rigting kyk. Die mees herkenbare aansig (soos in San-rotskuns) van die vorm van die bees, 'n profiel-syaansig van die liggaam, maar 'n vooraansig van die gesigte en horings - dit is verwronge.

In Andile Dyalvane se ***iThongo*** reeks vereenvoudig hy die vorm van 'n bul se liggaam om dit te transformeer na 'n sitplek. Hy behou iets van die gespierde kwaliteit van die bul se liggaam in die ronde rante van die sitplek. Die vorm van beeshorings, die mees herkenbare gedeelte van beeste, word as die rugleuning van hierdie sitplekke gebruik. Die ruglenings van die sitplekke in FIGUUR 4c verwys direk na die vorms van die bulle se horings terwyl die sitplek se voorkant verwys na die bulle se skofte.

- **Skaal**

In Muafangejo se kunswerk is die proporsies nie waargeneem van die werklike lewe af nie. Die jong skaapwagter aan die regterkant is groter in vergelyking met die grootte van die vier beeste. Die groot, duidelik sigbare beelde van vier bulle wat die grootste gedeelte van die prent aan die linkerkant vul, sommige dui op diepte met gedeeltelike oorvleueling.
Die keramiek sitplekke in FIGUUR 4c is groot genoeg sodat 'n mens daarop kan sit.

- **Kleur en kontras**

In Muafangejo se kunswerk is die swart beeste plat met soliede kleur binne die vorms met wit omlyning aan die buitekant, terwyl daar lyne op die wit beeste is wat toonwaardes suggereer. Daar is sterk kontras tussen die swart en wit dele in die kunswerk. Daar is areas wat middeltonale waardes aandui deur kruisarsering soos gesien word op die grond op die voorgrond wat tekstuur aandui.

Dyalvane se ***iThongo*** reeks is gemaak uit gedempte kleure soos oranje, groen en turkoois. Alhoewel turkoois nie 'n natuurlike kleur is nie, word daar op hierdie sitplek aardse toonwaardes geskep wat verweerd en natuurlik voorkom. Die natuurlike rooibruin kleur van die klei is ook deurgaans sigbaar.

- **Die gebruik van verskillende linosneë en kleimediums**

Muafangejo gebruik linosnee wat 'n draagbare medium is wanneer 'n lepel gebruik word vir die drukproses in stede van 'n drukpers. Die linosneëproses lei tot sy baie vereenvoudigde ontwerpe in sy kunswerke wat pas by sy vereenvoudigde styl. Die woorde in die linosnee moes agterstevoorom gekerf word om reg te vertoon wanneer dit gedruk word.

Dyalvane gebruik klei. Dit lyk asof die stoel gebou is deur die handrolboumetode en daarom sal die hol wees van binne. Hierdie proses is soortgelyk aan die proses van om potte te bou. Op die oppervlak is daar 'n spel tussen die effek van areas met rou gevuurde klei, die geglasuurde gedeeltes en die dele waarop donker oksiede gebruik is. Die oksiede verskaf diepte omdat dit donker kleure het. Dit het in die gleuwe van die klei ingevloei en vertoon dus as tekstuur wat doelbewus op die oppervlak geskep is.

- **Wat die kunswerke in FIGUUR 4b en FIGUUR 4c ons vertel omtrent die kunstenaars se interpretasie van die beeste**

Muafangejo se kunswerk is narratief/verhalend. Die skaal van die veewagter wys dat hy in beheer is van die beeste en dat hy fisies sterker as hulle is. Die weerspieël Muafangejo se idee van die hiërargiese verhouding tussen die mens en beeste. In kontras daarmee is Dyalvane se werk 'n interpretasie. Die vorms van die beeste verskaf 'n kragtige en stabiele basis wat aandui dat hy die beeste simbolies sien as sterk en betroubaar. Terselfdertyd kan die horings die rugleuning van 'n troonagtige struktuur voorstel. Dit wys moontlik sy eerbetoon of respek vir die beeste as 'n spirituele gedeelte van sy kultuur. (10)

4.2 Kandidate moet die werk van enige **TWEE** Suid-Afrikaanse kunstenaars of vlytkunstenaars bespreek wat nadink omtrent hulle landelike agtergrond en/of spirituele geloofsisteem (EEN kunswerk per kunstenaar wat hulle bestudeer het).
Hulle behoort die volgende te gebruik as riglyne vir hul antwoord:

- Gebruik van medium
- Fatsoen/Vorm
- Die storie wat die kunswerk vertel omtrent die kunstenaars of vlytkunstenaars se landelike en/of spirituele ervaring Moontlike betekenis/doel/funksie (10)

**[20]**

**VRAAG 5: MULTIMEDIA EN NUWE MEDIA – ALTERNATIEWE KONTEMPORÊRE EN POPULÊRE KUNSVORMS IN SUID-AFRIKA**

Rembrandt het gedurende sy leeftyd 'n reeks selfportrette geskep wat die tekens van veroudering in sy gesig uitgebeeld het. Hy was sestig toe hy FIGUUR 5a geskilder het.

Marc Quinn (FIGUUR 5b) het ***Self*** geskep deur sy eie bloed te gebruik. Sy bloed is in fases ingesamel soortgelyk aan die proses van bloed skenk. Hy het toe 'n afgietsel van sy kop gemaak wat met sy bloed gevul is. Die beeldhouwerk is solied gevries en word verkoel gehou.

**FIGUUR 5a:** Rembrandt van Rijn, ***Self-portrait with Beret and Turned-up Collar (Selfportret met Mus en Omslaankraag),*** olieverf op doek, 1659.
**FIGUUR 5b:** Marc Quinn, ***Self,*** die kunstenaar se bloed, vlekvrye staal, Perspex en verkoelingstoerusting, 1991.

5.1 Kandidate moet hul begrip van multimedia/nuwe media in teenstelling die sogenaamde tradisionele kunsmedia in hierdie TWEE kunswerke bespreek (FIGUUR 5a en FIGUUR 5b).

Hulle moet verwys na die volgende riglyne:

- **Keuse en gebruik van media en tekstuur**

Rembrandt van Rijn se FIGUUR 5a ***Self-Portrait with Beret and Turned-Up Collar*** gebruik die tradisionele medium van olieverf. Wanneer jy dit egter van naby af aanskou is die aanwending van die verf nie tradisioneel nie. Die verf is dik en die kwasmerke is onvermeng in die vleesgedeeltes sodat hy die onegaligheid van sy verouderende vel aandui. Sy kwasmerke gaan in verskillende rigtings en boots die kontoere van sy gesig na, soos op die brug van sy neus. Wanneer jy die skildery van baie naby beskou begin die vorms om te fragmenteer in verskillende kwasmerke in, wat ŉ samehangende visuele beeld van ver af vorm. ’n Kontras van tekstuur word in die gladde gesig en krullerige hare gesien.

In Marc Quinn se ***Self*** (FIGUUR 5b) gebruik hy sy eie bloed eerder as tradisionele media. Daar is heelwat bloed benodig om die lewensgrootte kop te vul. Daar is areas waar mens die materiaal waarvan die kop se afgietselvorm gemaak is, kan sien. Dit lyk asof daar meer tekstuur is en asof sy vel beskadig en verdor. Die bewys dat die bloed gevries is, kan gesien word in die wit yslaag op die oppervlak van die vel. Dit is nodig om hierdie kunswerk te preserveer deur dit gevries te hou. Die bloed trek aandag na Quinn se sterflikheid omdat die aanskou van bloed mens laat dink aan die broosheid van die lewe. Op hierdie manier word die onderwerp, medium en betekenis een. Die werk sou nie dieselfde betekenis gehad het as dit uit verf geskep is nie, omdat dit staatmaak op ons assosiasies met menslike bloed vir die betekenis van die kunswerk. Die tekstuur van die vel in Quinn se beeldhouwerk dui daarop dat dit vervel, verbrand of 'n litteken is. Daar is tekens van veroudering. Die afskilfering en plooie rondom die oë en die kant van die gesig en ken in FIGUUR 5b dui op veroudering. Onthoofding kan gesien word met net die uitbeelding van die kop. Dit dui op die reaksie as vrees vir die dood.

- **Kleur**

In die skildery het Rembrandt in sommige areas monochromatiese kleure gebruik, soos gesien word op sy hemp en in dele van die agtergrond van die skildery. Die donkerte kontrasteer met die ryk kleure wat hy gebruik het om die vel te skilder, soos die blougroen skadu's, die gebruik van gele in die middel toonwaardes en die skerp wit ligpunte. Die rooiheid van sy vel word sterk aangedui, byvoorbeeld op sy neus, om te wys waar sy vel besig is om te verouder. Quinn werk ook met rooiheid en in hierdie geval die rooiheid van die bloed wat gestolde en gedroogde bloed voorstel. Die diep donker persblou skakerings van die bloed wat op die wange, oë, neus en mond sigbaar is, maak dat daardie gedeeltes gekneus lyk.

● **Tekens van veroudering**

Veroudering is sigbaar in Rembrandt se skildery in sy uitbeelding van plooie en versakte vel. Hy skilder nie net plooie nie maar die verf wys ook fisies die kenmerke van veroudering in die aangewende tekstuur en kleur. Veroudering is ook sigbaar in Quinn se kunswerk. Hy lyk nie so oud soos Rembrandt nie, maar die gebruik van bloed laat ons dink omtrent ons eie sterflikheid op 'n manier wat soortgelyk is aan mense se ervaring van veroudering. Die kunswerk lyk of dit gevries is in tyd.

● **Die impak van elke kunswerk op die kyker**

Dit is ongewoon om ŉ selfportret te sien wat nie vleiend is nie en so lok Rembrandt se skildery gevoelens van empatie uit. Sy eerlike uitbeelding van homself raak ŉ uitdrukking van wát dit is om ŉ mens te wees asook om pyn en die vrees van veroudering te voel. In Quinn se werk is daar die ervaring van walging en fassinasie. Ons voel siek wanneer ons na bloed kyk, maar tog kan ons nie wegkyk van die kunswerk wat ŉ morbiede belangstelling uitlok. (10)

5.2 Kandidate moet TWEE kunswerke wat hulle bestudeer het analiseer (EEN kunswerk per kunstenaar) om te wys hoe kunstenaars 'n uitdaging gestel het of wegbeweeg het van tradisionele media. Hulle behoort die volgende te gebruik as riglyne vir hul antwoord:

- Beskrywing
- Gebruik van materiale en tegnieke
- Hoe die materiale bydra tot die betekenis of boodskap van die kunswerk
- Hoe die kunswerk verskil van 'n tradisionele kunswerk (10)

**[20]**

## VRAAG 6: POST-1994 DEMOKRATIESE IDENTITEIT IN SUID-AFRIKA

In 'n uitstalling genoem ***uBuhle boKhokho (Skoonheid van ons Voorouers)***, het Zizipho Poswa Afrika-haarstyle met tradisionele houers gemeng om brons- en keramiekbeeldhouwerke te skep.

**FIGUUR 6a** en **FIGUUR 6b** gee 'n uitsig oor die uitstalling. Poswa het grootskaalse beeldhouwerke saam met twaalf foto's van haarstyle uitgestal. Elke beeldhouwerk het 'n ander mens voorgestel.

**FIGUUR 6a:** Zizipho Poswa, ***uBuhle boKhokho (Skoonheid van Ons Voorouers*** **) ,** uitsig oor uitstalling met die kunstenaar wat voor haar beeldhouwerke poseer, 2022/2023.
**FIGUUR 6b:** Zizipho Poswa, ***uBuhle boKhokho (Skoonheid van Ons Voorouers),*** uitsig oor uitstalling, 2022/2023.
**FIGUUR 6c:** Zizipho Poswa, ***Natalie Leumaleu,*** geglasuurde erdewerk, brons, 2022.

**Glasuur:** 'n Keramiekglasuur is 'n laag wat op die kleioppervlak geverf word.

6.1 Kandidate moet bespreek hoe Poswa haar Afrika identiteit deur hare vier in FIGUUR 6a, FIGUUR 6b en FIGUUR 6c.

Hulle moet gebruik maak van die volgende riglyne.

- **Beskryf sommige van die haarstyle wat jy in die uitstalling sien**

In die groot foto aan die regterkant van FIGUUR 6b en in die beeldhouwerk in FIGUUR 6c sien ons 'n haarstyl met 'n boogvormige gevlegte haarstuk wat lyk soos 'n reënboog of 'n hut. Ons sien ook 'n verlengde vlegsel wat regopstaan soos 'n hoed of 'n kroon bo-op die vrou se kop in die foto op die linkerkant in FIGUUR 6b. Ons sien ook krulvorme in die foto's en beeldhouwerke. FIGUUR 6b verteenwoordig ouer tradisionele Afrika-haarstyle op 'n moderne manier, bv. die haarstyl aan die linkerkant het die vorm van 'n Zoeloe-hoed van 'n getroude vrou (ook gesien op Kongolese, Mangbetu-stam vroue wie se koppe ook kunsmatig in ‘n langwerpige vorm vervorm word), die middelste foto se vlegsels is gedraai in keëls tipies van Mende-stam (Sierra Leone) vrouestyl, op regterkant is ‘n waaieragtige skyf (tipies van historiese Kongo se koninklike vrouens). Hierdie style het tradisioneel almal verskillende betekenisse, dit kan sosiaal, geestelik, simbolies of esteties wees.

- **Hoe beïnvloed die haarstyle in die foto's die beeldhouwerke**

Daar is n direkte verhouding tussen die vorms van die haarstyle in die foto op die boonste gedeeltes, asook in die herhalende merke wat gemaak is op die liggame van die beeldhouwerke. Die ikoniese vorms van die hare soos die boogvorm, is sigbaar in die beeldhouwerk genoem ***Natalie Leumaleu*** of die haarstyle wat gesien word in die foto in die installasie aansig in FIGUUR 6a. Die tekstuur van die haarvlegsels beïnvloed Poswa se insluiting van liniêre detail bo-op die beeldhouwerk.

- **Beskryf die vereenvoudiging van die vroulike liggaam in die beeldhouwerk in FIGUUR 6c**

Poswa het die beeldhouwerke geskep om die swart vroue figuur uit te beeld. Sy het die vorm van die menslike liggaam vereenvoudig na 'n geronde ovaal houeragtige vorm. Die vroulike liggaam word nie geseksualiseer nie maar word vereenvoudig en vergroot om krag te toon. Die kandidaat kan kruisverwys na Constantine Brancusi se minimalistiese beeldhouvorme van liggame en figure. Die abstrahering van die vorm na die essensie van die vroulike vorm gee die kunswerk 'n universele en tydlose kwaliteit. Die houeragtige vorms verteenwoordig die vrou se liggaam as 'n houer wat toekomstige geslagte dra en geboorte gee.

- **Beskryf die tekstuur en die glasuur op die beeldhouwerke**

'n Huldeblyk aan haar voorouers kom deur die sensitiewe aandag wat gegee word aan die kleure en materiale van die beeldhouwerk: die gebruik van kleure wat geassosieer word met edelmetale soos goud en die ryk kwaliteite van die glasure. Geglasuurde/gladde gedeeltes is gekombineer met areas van rou pottebakkery om die dialoog tussen tradisionele keramiekgebruike en kontemporêre keramiek aan te dui. Dit wys op oud en nuut wat bymekaarkom. Die gebruik van baie verskillende haarstyle en die variasie van vorms in die beeldhouwerke wys daarop dat Poswa verskillende swart vroue vier. Die hare is oordrewe in die beeldhouwerke in vergelyking met die vereenvoudiging van die liggaam. Dit kan simboliseer dat die skoonheid van vroue in hul haarstyle is. In die beeldhouwerke het die kunstenaar gefokus op die tekstuur van die hare wat soos 'n goue, lineêre patroon lyk. In sommige gevalle kan die wit voetstuk die liggaam voorstel, en die beeldhouwerk wys slegs die hare wat soos 'n kroon lyk.

- **Hoe vier Poswa kontemporêre swart vroue se identiteit?**

Die beeldhouwerke en foto's beeld die krag, mag en skoonheid van swart vroue uit. Die mag en krag kom uit in die monumentale skaal van die kunswerke terwyl die skoonheid sigbaar is in Poswa se besluit om hare in die ikoniese eienskappe van die beeldhouwerke te vorm. (7)

6.2 Kandidate moet bespreek hoe die uitstallingontwerp die kyker se ervaring verryk. Hulle moet gebruik maak van die volgende riglyne.

- **Hoe ruimte gebruik is**

Die plasing van beeldhouwerke in die uitstalling sal die manier hoe die kyker fisies binne die ruimte daarmee omgaan, lei. Die wit ruimte van die galery trek geen aandag af van die kunswerke nie. Die beeldhouwerke is op staanders wat ooreenstem met die grootte van die menslike liggaam, maar wat soms groter en soms kleiner is, soos gesien word in FIGUUR 6a. Op hierdie manier is die skaal, plasing en vorm van die beeldhouwerke 'n eerbetoon aan die diversiteit en individualiteit van die mense wat dit voorstel.

Kopiereg voorbehou 

- **Plasing van die kunswerke en die verhoudings tussen die kunswerke**

Poswa bring foto's en beeldhouwerke saam in die uitstalruimte. Sonder die foto's sal die kyker die beeldhouwerke alleenlik sien as abstrakte vorms. Die foto's is teen die mure geplaas om die konteks aan die beeldhouwerke te gee. Die foto's dien as 'n verwysingspunt om die verskillende vorms van die haarstyle te wys en om die kyker se begrip vir die verskillende haarstileringspraktyke te verbreed. Die uitstalling is samehangend terwyl Poswa ook verskille individualiteit vier deur verskillende media en vorms te gebruik. (3)

6.3 Kandidate moet 'n opstel skryf oor **TWEE** Suid-Afrikaanse kunstenaars wat hulle identiteit in die nuwe Suid-Afrika uitbeeld (EEN kunswerk per kunstenaar). (10)
**[20]**

## VRAAG 7: GESLAGSKWESSIES: MANLIKHEID EN VROULIKHEID

Die Amerikaanse akteur en sanger, Billy Porter **(FIGUUR 7b),** het koppe laat draai toe hy met 'n rok by die 2021-Oscar-toekenningseremonie aangekom het.

***King Henry VIII (Koning Henrik VIII)*** **(FIGUUR 7a)**, koning van Engeland, is tydens die Renaissance deur Hans Holbein geskilder. Hy was 'n magtige, opgevoede leier wat spandabelrig was en daarvoor bekend was dat hy ses vroue gehad het.

Luke Rudman **(FIGUUR 7c)** is 'n Suid-Afrikaanse kunstenaar en 'n omgewingsaktivis wat met verskillende media werk wat optrede en skilder insluit.

FIGUUR 7a: Hans Holbein die Jonge, ***King Henry VIII (Koning Hendrik VIII),*** olieverf op doek, c. 1530.
FIGUUR 7b ***Foto van Billy Porter*** by die Oscar-toekenningseremonie, 2021.
FIGUUR 7c: Luke Rudman, ***Eden and Luke (Eden en Luke),*** kombinasie van skilder en optrede, foto, 2022.

7.1 Kandidate moet bespreek hoe verhoudings tussen kleredrag en geslag verander het deur tyd soos in **FIGUUR 7a** , **FIGUUR 7b** en **FIGUUR 7c** . Hulle behoort te verwys na die volgende riglyne.

- **Die stelling wat die rok, liggaamshouding en die omgewing maak**

FIGUUR 7a en 7b vertoon baie selfvertroue.

In FIGUUR 7a laat geld Koning Henry VIII sy mag en dominansie deur sy liggaamsposisie met sy bene wat uitmekaar staan, sy reguit rug en sy bors wat vooruit gedruk is. Hy is deftig aangetrek met goue versierings wat sy rykdom aandui. Dit is herhaal in die luukse omgewing wat gesien word in die duur patroonversierde mat en muurpapier.

In FIGUUR 7b kan ons sien dat Porter op 'n rooi tapyt is by die ingang van die Oscar toekenningseremonie. Ons sien die Oscar figuurtjie wat deel vorm van die detaillering op die muur. Dit is waarskynlik dat 'n fotograaf Porter se aandag getrek het. Hy het gestop om te poseer op die tapyt. Porter het teruggedraai om oogkontak te maak met die fotograaf en hy draai sy liggaam om die voorkant van sy aandpak torso tesame met sy wye romp te vertoon. Porter dra 'n tradisionele pak saam 'n balrok, wat die vreeslose verkenning tussen tradisioneel manlike en vroulike identiteite kan simboliseer. Die jukstaplasing beklemtoon die voortdurende dialoog en eksperimentering rondom geslagsuitdrukking. Billy Porter gebruik die Oscars se platform om stereotipes uit te daag. Die manier waarop hy die rok dra, is 'n viering van queer en gender-non-konformiteit. Hy daag vooropgestelde idees uit oor hoe en wat geslagte moet dra.

In FIGUUR 7c poseer Rudman in 'n tipe kontraposto, met sy linkerbeen gebuig en sy regterbeen reguit. Hy lig sy arms om aandag te trek na sy dekoratiewe hooftooisel, maar gee ook die indruk dat hy nie sy romp wil raak met die verf op sy hande nie. Hy is kaal bolyf met 'n romp aan, wat lyk asof dit van papier maché gemaak is. Sy romp en sy hooftooisel smelt in met die agtergrond wat bestaan uit oordadige geverfde blomagtige vorms. Dit is meer staties en hy vertoon nie dieselfde selfvertroue nie. Die blomme agtergrond van FIGUUR 7c kan 'n verwysing wees na die feit dat hy 'n omgewingsaktivis is.

- **Kleur van die rok**

In FIGUUR 7a gebruik die kunstenaar ryk goud, diep rooie en olyfgroene. Die kleure is koninklik en die gedetailleerde goue versiering op die klere en die omgewing sinspeel op rykdom.

In FIGUUR 7b isdie balrok 'n herinterpretasie van die 'klein swart rok' wat gewoonlik 'n maklike rok is om te dra vir verskillende geleenthede. In hierdie geval word die swart aandpak en wit hemp 'n eienskap van hierdie rok. Die swart en wit in hierdie uitrusting is in sterk kontras met die wit agtergrond en die rooi tapyt.

In FIGUUR 7c het die romp pienk en pers met turkoois kleure wat saamsmelt met die kleure in die agtergrond. Hy het nie gebruikgemaak van die konvensionele groen en natuurlike kleure van blare nie, maar het eerder kleure gebruik wat geassosieer word met geslagstereotipes in die vorm van die pienke en bloue. Die kleurgebruik herinner ook aan dié van die Fauvisme- beweging.

- **Die funksie van die kunswerk en die foto's**

FIGUUR 7a is geskep as herdenking en viering van die mag van die koning. Die portret vang sy voorkoms vas en was 'n simbool van sy mag en rykdom. Die foto in FIGUUR 7b is geneem om die kleredrag en modes wat tydens die rooitapytgeleentheid gedra is, te vertoon.

In FIGUUR 7c gebruik Rudman sy eie liggaam in die ruimte om te kyk na kwessies van geslag. In hierdie geval is dit omtrent 'n man wat aangetrek is in 'n romp, wat ook met die natuur vermeng word. Deur die romp dieselfde te skilder as die agtergrond begin hy om te integreer met die oordadige paradys agter hom, wat 'n verwysing is na Eden in die titel.

- **Hoe laat die kunswerke/visuele beelde in FIGUUR 7a, FIGUUR 7b en FIGUUR 7c jou dink omtrent mans in rokke in verskillende tydperke?**

Terwyl Koning Henry 'n rok gebruik in FIGUUR 7a wys die visuele uitbeelding geen stereotipe vroulike kenmerke nie. Die visuele beeld wys eerder die konvensionele beeld van manlike krag en mag wat in die mode was in daardie tyd. Die rok in FIGUUR 7b is 'n hibried aangesien dit gedeeltelik manlike mode in die aandpak torso wys terwyl die romp aan die onderkant oordadig is en ooreenstem met die lang en wye balrok. Porter het verkies om 'n rok te dra met geen grimering of pruik nie en daardeur trek hy aandag na sy persoonlike identiteit. FIGUUR 7c is anders aangesien Rudman 'n oordadige hooftooisel met duidelik sigbare grimering aan het. Hy is egter kaal bolyf en ontbloot sodoende sy manlike liggaam. In hierdie kunswerk verskuil of verander hy nie sy manlikheid nie maar skep eerder 'n binêre ruimte waarin hy die geleentheid het om sy geslagsidentiteit uit te leef. (10)

7.2 Kandidate moet bespreek hoe kunstenaars idees omtrent geslag aanspreek deur TWEE spesifieke kunswerke (EEN kunswerk per kunstenaar) te analiseer.

Hulle behoort die volgende te gebruik as riglyne vir hul antwoord.

- Geslagskwessies waaraan aandag gegee word
- Formele kunselemente
- Materiale en tegnieke
- Hoe die kunstenaars probeer om die kyker te laat nadink omtrent die kwessies deur hulle keuse van visuele beelde (10)

**[20]**

## VRAAG 8: ARGITEKTUUR IN SUID-AFRIKA

'Die huis moet 'n masjien wees om in te leef.' – La Corbusier

Die modernistiese gebou***, Villa Savoye*** (FIGUUR 8a), is as 'n delikate drywende boks beskryf. Dit is funksioneel as 'n huis, maar dit kan ook as 'n beeldhouwerk waardeer word.

'n Argitektuursfirma (FIGUUR 8b) in Kaapstad het 'n kontemporêre boomhuis geskep vir 'n kliënt wat 'n wegkruipplek as 'n huis wou hê.

Beide huise verskaf ontsnapping uit die stampvol stad.

FIGUUR 8a: Le Corbusier, ***Villa Savoye**,* Frankryk, gewapende beton en glas, 1929.
FIGURE 8b: Malan Vorster Architecture Interior Design, ***Tree House (Boomhuis)**,* Kaapstad, staal, hout en glas, 2016.

8.1 Kandidate moet **FIGUUR 8a** en **FIGUUR 8b** vergelyk deur die volgende riglyne te gebruik:

- **Fatsoen/Vorm en patroon**

In FIGUUR 8a is die gebou vierkantig. Die grondvloermure is verder teruggebou, onder die eerste verdieping en die huis lyk asof dit 'n drywende boks bo-op delikate pilotis/pilare/stelte is. Die pilotis is herhalend en vorm 'n patroon. Die eenvoudige wit buitemuur het stroke van lintvormige vensters en 'n gladde buitekant met geen patroon op die skerp hoekige buitemure nie. FIGUUR 8a is reghoekig terwyl FIGUUR 8 b sirkelvormig is.

In FIGUUR 8b stem die organiese kajuitagtige struktuur ooreen met 'n boomhuis. Die vertikale strukture op die buitekant van die fasade van die gekurfde glasmure skep 'n patroon. Daar is geometriese vorms binne die kamers soos die vierkante en driehoeke aan die binnekant van die plafon. FIGUUR 8b het drie silindriese vorms rondom 'n sentrale stamagtige vorm.

- **Ligbron(ne)**

In FIGUUR 8a word die lig gefiltreer in die vertrekke in deur die lang strook van lintvormige vensters en openinge in die gebou.

In FIGUUR 8b laat die groot vensters lig in die ***Boomhuis*** in. Gedurende die dag sal die sonlig ingefiltreer word aangesien die mure nie solied is nie maar uit hortjies bestaan.

- **Boumateriale**

In FIGUUR 8a is die gebou gemaak uit versterkte beton wat swaar is maar wat lig voorkom en lyk asof dit dryf as gevolg van die gebruik van die pilotis. Glas 'n belangrike materiaal wat gebruik is om lig in die gebou in te laat.

In FIGUUR 8b is die gebou gelig van die grond af en staan dit op stelte. Glas is gebruik vir die vensters. Die pilare, arms en ringe is gemaak van staalplate met gapings tussenin, wat vir die inwoner toelaat om die omringende landskap van binne af te sien. Daar is 'n kontras tussen die soliditeit (FIGUUR 8a) met die gebruik van die stelte wat eweredig gespasieer is om sodoende 'n uitsig te skep wat die interieur met die buitekant verbind.

- **Terrein en omgewing**

In FIGUUR 8a is die gebou geplaas op 'n wye oop ruimte met die volle uitsig van 'n landskap.

In FIGUUR 8b is die gebou geplaas op 'n groot onbeperkte terrein wat omring is met heelwat bome. Die huis met omringende die bome lyk soos 'n nes in die woud. Die vertikale stutte van die fasade lyk soos 'n herhaling van die vertikale boomstamme. Die glas vensters weerkaats die lug en maak dat die gebou minder solied voorkom. Die gedeeltes van die lug en wolke wat weerkaats in die glas lyk soos die spasies tussen die bome.

8.2 Kandidate moet TWEE Suid-Afrikaanse geboue analiseer waarin innoverend materiale gebruik is.

Hulle behoort die volgende te gebruik as riglyne vir hul antwoord:

- Gebruik van materiale/tegnieke
- Die ontwerp van die struktuur
- Omgewingsinvloede
- Die verhouding tussen die gebou en die omgewing (10)

**[20]**

**TOTAAL: 100**

Kopiereg voorbehou